MISSIE JAPAN NUUSFLITS
2018

Missie Japan Nuusflits:April 2018

Ondersteun: maak 'n verskil

Missie Japan is 'n vrywillige geloofsaksie wat afhanklik bly van ondersteuning deur individue, groepe en gemeentes regoor die wêreld.

Missie Japan media

Volg op Facebook

Volg op Webtuiste

MAAK 'N BYDRAE

TERUGFLITS

9-2-1:VANDAG

BYPASSENDE FOTO'S VOLG HIER ONDER

Beste,

Vandag kon ek nie anders nie: móés net herdenk en vier! Die saamvloei van plek, gebeure, mense en verbintenisse was net té sterk, want …

Vandag, 9 jaar gelede (10 April 2009) …
… het ons die eerste keer as Missie Japan sendelinge uit Suid-Afrika aangeland in Japan – ek, Carina en Annlie (toé 2jr. oud). Die volgende dag is ons by die ringsvergadering van RCJ Shikoku verwelkom, presies waar ek nou sit en skryf, in RCJ Tokushima gemeente. Wat ek helder onthou is ons eerste nagmaal hiér, op daardie dag – sonder kop-of-stert-begrip van Japannees. Én die belofte wat ek afgelê het as nuwe predikant van die ring: die gewig van die oomblik tasbaar. Só het ek dit destyds verwoord ...

Eerskomende Sondag, 2 jaar gelede (16 April 2016) …
…was daar 'n groot aardbewing in Kumamoto. Saam met studente van ons kweekskool, en via Missie Japan se finansiële bydraes, het ons heelwat kere ramp-ondersteuning gedoen daar. Die plaaslike RCJ gemeente het dit opreg waardeer, en dit het 'n diep indruk op hulle gemaak: die uitkoms daarvan nou nog sigbaar in die gemeente.

*Verlede week kontak dié gemeente se leraar, Ds. Hajime Nishibori, my. Hulle bid die afgelope twee maande vir, en finaliseer ook tans 'n spesiale dankoffer-insameling vir droogte-hulp aan Wes-Kaap gemeentes. Hulle lidmaattal is ongeveer 20 mense, maar hulle mik om meer as R20 000 teen volgende maand oor te betaal. Dis nou offervaardigheid! Ds. Nishibori skryf: "*Twee jaar gelede, terwyl ons regtig swaar gekry het, het die ondersteuning vanuit Suid-Afrika ons geleer van die reikwydte van die kerk van die Here, regoor die

wêreld. Julle het ons gemeente diep (siels)bemoedig deurdat julle ons pyn – soos die pyn van ‘n doring wat in jou kleintoontjie gaan sit – julle eie gemaak het.” *Lees hier sy hele brief.*

Vandeesweek, 1 jaar gelede (8-17 April 2017) …
… het ‘n paar jong leraars uit SA saam ‘n ongelooflike mooi en diep ervaring in Japan gehad ... Met kersiebloeisels oral in volle blom, was (ds.) Johann Winterbach se woorde toé: “Mag hierdie bloeisels wat oral te sien is - die nuwe seisoen en nuwe lewe, ook simbolies wees van die Here se pad met Missie Japan”. *Ek dink vandag terug daaraan, en hoe dít vandag - een jaar later - waar geword het, want …*

Vandag (10 April 2018) …
het die RCJ Ring van Shikoku ‘n groot besluit geneem!
In samewerking met Missie Japan is Elmar en Nadine Du Rand pas amptelik goedgekeur as sendeling-kandidate. Dit kom na jare van gebed, en maande van wag, werwing en gesprek (aan Missie Japan se kant). Ons is baie opgewonde om hierdie groot nuus met jou te deel! En ons vra heelhartig vir jou gebede en goedgunstigheid vir hulle, wat gedurende die volgende maande ‘n wye netwerk van langtermyn ondersteuning moet opbou. Die plan is voorlopig om DV teen Maart 2019 na Japan gestuur te kan word. Missie Japan kantoor sal meer amptelik en uitvoerig hieroor berig in die tyd wat kom.

Vandag sit twee jong leraars langs my, wat met handoplegging in die amp bevestig is. Laasjaar het ek vir hulle klas gegee in pastorale teologie en sorg. Ons het pas saam nagmaal gevier, weer hier, op dieselfde dag, 9 jaar later, in Tokushima. Die Japannees: verstaanbaar. Die oomblik: onvergeetlik.
En skielik sien ek die “nuwe bloeisels” reg voor my oë.

Saam is ons die Here innig dankbaar. Mag Hy ons bly vooruitgaan.
Tot hiertoe het Hy in oormaat voorsien!

Prys Hom saam met ons. Herdenk en vier dit!

Met groot dankbaarheid en vreugde,

Stéphan, Carina, Annlie, Cornelius, Lodewyk en Stéphan

Elmar en Nadine Du Rand: nuwe sendeling kandidate van Missie Japan

Foto beskrywings:

1. Handoplegging van twee jong leraars vandag (bo)

2. Ds. Nishibori saam met ramp slagoffers ná aardbewing (links hierbo)

3. Stéphan saam met Tobie de Wet (ds.): 2009 se ringsvergadering (regs hierbo)

Our mailing address is:

Mission Japan

Kita Ku

Shobu Ga Oka 3-1-3

Kobe City, Hyogo Prefecture 651-1306

Japan